# HOOFSTUK 8: FINALE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

## 8.1 INLEIDEND

Vir 'n finale samevatting en gevolgtrekking van die studie is dit nodig om eers 'n geheeloorsig te kry, nie net van die bevindinge nie, maar in die besonder van hulle samehang. Die volgorde waarin die bevindinge aangebied is, word omgekeer sodat met die Jehovah-getuies se siening van God begin word. Dit word gedoen aangesien die godsidee by 'n godsdienstige groep tog voorop staan en omdat juis die godsidee van die Jehovah-getuies 'n duidelike invloed op hulle ander sieninge het. Van daaruit word dan na die ander gedeeltes gekyk. Daar word afgesluit met 'n finale gevolgtrekking oor die vraag of die Jehovah-getuies 'n onchristelike kulte is of nie.

## 8.2 FINALE SAMEVATTING

### 8.2.1 *GOD EN KOSMOS*

Professor H.G. Stoker (1970:9) maak tereg die volgende uitspraak: "Vir die teologie ... is 'n duidelike en skerp onderskeiding van God en Kosmos, en 'n suiwer bepaling van hul verhouding tot mekaar, van unieke belang." Dit is juis hier waar die Jehovah-getuies se probleem lê. Hulle beperkte siening van God as sou Hy nie alomteenwoordig en alwetend wees nie (vgl. 6.2), het 'n bepalende invloed op die res van hulle teologie.

Die Jehovah-getuies erken wel dat God die kosmos geskep het, maar beskou Hom terselfdertyd as afhanklik daarvan en beperk daardeur. Hierdie siening blyk uit hulle leer dat Hy 'n geestelike liggaam het wat iewers in die heelal 'n woonplek het (vgl. 6.2.5). Weens die onmeetlike afstande van die heelal kan God volgens hulle onmoontlik bewus wees van wat oral aangaan. Buitendien is Sy aandagsomvang beperk, sodat dit vir Hom onmoontlik is om selfs net kennis te dra van wat met 100 mense op een slag gebeur - wat nog van al die mense en ander geskape dinge (vgl. 6.2.2). Sy kennis van die hede is nie net beperk nie, Hy vergeet ook (willens en wetens) sekere dinge van die verlede wat Hy wel geweet het (vgl. 6.2.3). Verder is Hy afhanklik van die ontleding van byvoorbeeld mense se gene om soos 'n weervoorspeller 'n voorspelling te kan maak van wat hulle toekoms dalk gaan oplewer (vgl. 6.2.4). God, die Skepper van tyd en ruimte, word dus volgens die Jehovah-getuies se leer deur die geskape tyd en ruimte beperk.

Hierdie beperkte siening van God het 'n groot invloed op die Jehovah-getuies se ander leerstellings. 'n Beperkte God kan nie drie-enig wees nie (vgl. 6.3), want hoe kan God die Vader wat met Sy geestelike liggaam ver weg in die hemel is en God die Seun wat na Sy

geboorte as mens op aarde is, een wees? En hoe kan die Seun na Sy hemelvaart by die Vader in die hemel wees, terwyl hulle albei één is met die Heilige Gees wat op aarde by al die gelowiges is? Daarom verwerp die Jehovah-getuies die leer dat God 'n drie-enige God is, in weerwil daarvan dat die Skrif sê dat daar net een ware God is en dat Vader, Seun en Heilige Gees hierdie een ware God is (vgl. 6.3 tot 6.6).

'n Ander belangrike implikasie van hierdie beperkte siening van God is dat Hy hulp nodig het in die bestuur van die heelal. Aangesien Hy self nie by die meeste dinge kan uitkom nie, moet aan hierdie hulp goddelike magte verleen word om self dinge te kan oorweeg, beplan, bestuur en vir mens en skepping te kan sorg. Dit bring onder andere mee dat die Jehovah-getuies leer dat daar 'n klomp ondergeskikte en geskape gode (genoem engele) in die heelal is wat sterk en magtig is, maar nie almagtig soos die "oppergod" Jehovah nie (vgl. 6.3.4.3 & 6.3.4.4).

Volgens die Jehovah-getuies is Jesus die leier van die ondergeskikte gode. Hulle leer dat Hy en die aartsengel Migael dieselfde Persoon is. Dit word geleer in weerwil daarvan dat die Bybel openbaar dat Hy nie 'n engel of enige ander skepsel is nie (vgl. 6.5.2). Teenoor Hom staan Sy broer Lucifer (*Wagtoring*, 01/03/1932:76), wat ook volgens die leer van die Jehovah-getuies met reg daarop aanspraak kan maak dat hy 'n god is (vgl. 6.3.4.4). Dit alles in weerwil daarvan dat die Bybel leer dat daar net een ware God is (vgl. 6.3.4).

'n Verdere implikasie van die beperkinge wat die Jehovah-getuies op God lê, is dat Hy 'n aktiewe krag nodig het om alles in stand te hou. Al word die Heilige Gees "Gees" genoem, sien hulle Hom tog nie as 'n geestespersoon nie, maar as hierdie krag wat God in Sy onmag benodig (vgl. 6.6.2 & 6.6.4.7). Hulle kan nie die Bybelse leer erken dat die Heilige Gees 'n Persoon en God is nie (vgl. 6.6.3 tot 6.6.6), want dit sou beteken dat God in die Heilige Gees alomteenwoordig is, want die Bybel leer (soos hulle ook erken) dat die Heilige Gees by verskillende mense op een slag betrokke is.

Vir die Jehovah-getuies is dit 'n probleem dat die Bybel nie leer dat die Here Jesus na Sy hemelvaart ver van die gelowiges op aarde is nie, maar dat Hy (soos die Heilige Gees) onsigbaar steeds by hulle en in hulle midde is tot by die voleinding van die wêreld (vgl. 7.4.3). As dit vir Jesus moontlik is, sal dit ook vir God die Vader moontlik wees en sal Hy nie 'n "aktiewe krag" nodig hê vir die instandhouding van dinge op aarde nie. Om hierby te probeer verbykom, het die Jehovah-getuies in hulle Bybelvertaling (bv. in Rom. 8:9-11) *en humin* ("in julle") anders vertaal as dit op die Here Jesus betrekking het (woorde bygevoeg om die betekenis te verander), as wat hulle dit vertaal het wanneer dit op die Heilige Gees van toepassing is (vgl. 7.11.3.3). Hulle beperkte siening van God en die invloed wat dit op hulle leerstellings het, word dus selfs in hulle weergawe van die Bybel invertaal (vgl. 7.11.3).

Omdat die Here Jesus na Sy hemelvaart deur die Jehovah-getuies beperk word tot 'n veraf hemel en omdat hulle nie die Skrif glo dat Hy na Sy hemelvaart onsigbaar steeds by die gelowiges is nie (vgl. 7.4.2 & 7.4.3), kon hulle nadat hulle voorspelling van die jaar 1914 as die finale oordeel en vernietiging van die wêreld (en die Christendom) nie gerealiseer het nie (vgl. 5.4.5), hulleself daarmee verdedig dat die Here ten minste vanaf die voorspelde datum onsigbaar teenwoordig is (vgl. 5.4.4 & 7.4). Dit word gedoen in weerwil daarvan dat hulle kronologiese berekenings ongegrond en vals is (vgl. 5.2).

### 8.2.2 *GOD EN DIE SONDEVAL*

Volgens die Jehovah-getuies kon God met Sy beperkte kennis nie die sondeval voorsien het nie (vgl. 6.2.4.2). As gevolg van Sy beperkte kennis het Hy ook nie geweet of Jesus (wat ook maar net 'n skepsel is volgens hulle leer - vgl. 6.5.2.1) aan Hom getrou sou bly toe Hy Hom aarde toe gestuur het om vir die sondes van die gelowiges te kom sterf nie. Dit alles sê hulle in weerwil daarvan dat God in die Ou Testament herhaaldelik die versekering gee dat die Messias wat sou kom die oorwinning sou behaal (vgl. 6.2.4.3.1).

Die Jehovah-getuies se siening van die beperktheid van God blyk ook uit hulle leer dat Christus se offer vir die sonde van die mens onvolmaak was. Volgens die Jehovah-getuies gee Christus se genadige soendood aan die mens maar net 'n tweede kans (Adam en Eva het die eerste kans verbeur) om sy getrouheid aan die Here te bewys (vgl. 7.5.2 & 7.5.6). Die mens het gevolglik in hierdie (en selfs vir die eerste 1000 jaar in die toekomstige) lewe geen sekerheid van sy verlossing nie (vgl. 7.5.4). Ook hierdie leer verskil radikaal met die Skrif (vgl. 7.5.5).

Iets wat ook saamhang met die Jehovah-getuies se siening dat die sondeval God met sy beperkte kennis verras het, is dat Hy voorsorgmaatreëls moes tref om te verhoed dat so iets weer in die komende nuwe wêreld gebeur. Onder hierdie maatreëls tel die aanwending van *144 000* Nuwe- Testamentiese gelowiges (Jehovah-getuies - vgl. 4.2) om saam met Jesus uit die hemel oor diegene op aarde te regeer (vgl. 7.7.2.3). Die Ou-Testamentiese geloofshelde (soos genoem in Heb. 11) kom aarde toe om hier ter plaatse te sorg dat dinge gebeur soos dit moet (vgl. 5.4.7.3). Hierdie onderskeid tussen gelowiges (die *144 000* en die res) het egter geen Skrifgronde nie (vgl. 7.7).

'n Verdere uitvloeisel van hierdie standpunt is dat die Jehovah-getuies glo dat die mens nie voortleef na sy dood nie. Aangesien net *144 000* (en dit eers na 1914) volgens hulle leer hemel toe gaan, is daar geen plek vir die *groot menigte* gelowiges om na hulle dood heen te gaan nie. Daarom word geleer dat alle mense voor 1914 en verreweg die grootste deel van die mensdom na 1914 met hulle dood geheel en al vernietig word. Vir die oordeelsdag word

net diegene wat regverdig gelewe het en diegene wat uit onkunde onregverdige dinge gedoen het (WTBTS, 1985a:326) weer herskep vir 'n lewe op die aarde (vgl. 7.6). Dit alles word beweer in weerwil daarvan dat die Bybel duidelik leer dat die mens voortleef na sy dood en dat alle mense weer uit die dood sal opstaan om deur die Here Jesus geoordeel te word (vgl. 7.6.3 & 7.6.4).

Deel van hierdie siening is dat die Here Jesus ook nie kon voortleef na Sy plaasvervangende dood vir die sondes van die mensdom nie. Die Jehovah-getuies leer strydig met die Bybel dat Jesus se dood op Golgota beteken dat niks van Hom voortbestaan het na Sy dood nie en dat Hy dus nie self uit die dood kon opstaan nie (vgl. 7.3.5). Ook leer hulle strydig met die Bybel dat die Here Jesus se fisiese liggaam deur God vernietig is en God 'n geestelike wese "opgewek" het uit die dood (vgl. 7.3).

Die Jehovah-getuies se leer dat dit nodig is om God as *Jehovah* aan te spreek as 'n mens enigsins 'n intieme verhouding met Hom wil hê (vgl. 4.7.4), is nog 'n voorbeeld van hoe beperk hulle God sien. Wat kan meer intiem wees as om God as *Vader* aan te spreek soos wat die Here Jesus self Sy dissipels geleer het (Matt. 6:9)? Boonop is God se verstand volgens die Jehovah-getuies te beperk om baie gebede gelyktydig te kan hanteer (vgl. 6.2.2.1), waaruit 'n mens die afleiding kan maak dat hy voorkeur sal gee aan dié wat Hom as Jehovah aanspreek. Ook hierdie leer van die organisasie omtrent die belangrikheid om God as *Jehovah* aan te spreek, het geen Bybelse gronde nie; inteendeel, die motivering daarvoor is duidelik in stryd met die Skrif (vgl. 4.7.4).

### 8.2.3 *GOD EN DIE JEHOVAH-GETUIES*

Daar is reeds gesien dat God in ruimte en tyd so beperk is volgens die Jehovah-getuies dat Hy Sy werk en gesag moet delegeer (vgl. 8.2.1). Tot tyd en wyl die nuwe wêreld aanbreek (wat op grond van hulle profesieë al vir meer as 'n eeu lank enige oomblik kan en moet gebeur - vgl. 5.4), het God volgens die Jehovah-getuies besluit om 'n godsdienstige organisasie aan te wys om Sy sake op aarde te beheer. Hierdie organisasie is natuurlik volgens hulle leer die Jehovah-getuies self. Daarom maak die leiers van die organisasie aanspraak daarop dat die lede hulle as die "getroue en verstandige slaaf" van God absoluut en kritiekloos moet gehoorsaam (vgl. 3.2 & 4.4.3).

Hierdie gehoorsaamheid wat die leiers van die Jehovah-getuies vereis, kom in wese daarop neer dat die lede hulleself aan die organisasie moet verslaaf (vgl. 3.3.2). Hulle mag nie vir hulleself dink nie. Enige gedagte van kritiek teen die organisasie is sonde en moet beveg word, want dit kom neer op opstand teen God wat aan die organisasie sy goddelike gesag gegee het (vgl. 3.2). Om hierdie rede moet alle opdragte wat die leiers gee stiptelik

uitgevoer word, of dit nou arbeid in diens van die organisasie is (vgl. 3.3), of dinge wat hulle daaglikse lewe en lewensnorme raak (vgl. 3.3 & 3.7). Om lede vir die organisasie te werf, is van die belangrikste "godgegewe" opdragte (vgl. 3.7.3 & 3.13.2). Om bloedoortappings te ondergaan of met politiek of die militêre iets te doen te hê, is van die grootste moontlike oortredings (vgl. 7.9 & 7.10).

Aangesien die Wagtoring-organisasie die hoogste gesag dra, is optrede vir die welsyn van die organisasie (insluitende haat en oneerlikheid - vgl. 3.4.4 & 3.7.4) goed en reg. Daarteenoor is enige optrede (hoe geregverdig ook al) wat teen die organisasie ingaan negatief en skadelik en word dit selfs beskryf as 'n vervolging van die "ware Christene" (vgl. 3.4.4). Daarom moet enige persoon wat die organisasie of sy voortgang benadeel, of enige lid wat as Jehovah-getuie bedank, as vyand van God beskou en behandel word (vgl. 3.4.4 & 3.13.4). Die organisasie het dan ook hulle eie terminologie en inkleding van terme om onder andere 'n negatiewe gevoel teen oudlede en teen die Christendom in die algemeen op te bou (vgl. 3.6 & 3.13.4). Verder gebied hulle hulle lede om weg te bly van enige mense, publikasies of iets dergeliks wat hulle dalk aan die organisasie kan laat twyfel (vgl. 3.5 & 3.13.3). So versterk die leiers hulle beheer oor die lede.

Die lede van die organisasie is bereid om onder hierdie dwingelandy te buig, omdat hulle glo dat hulle dit eintlik vir God doen. Hulle beskou die Wagtoring-organisasie as God se organisasie (vgl. 3.9.2), die kanaal wat die veraf God gebruik om met Sy mense op aarde te kommunikeer (vgl. 3.9.3 & 3.11.2). Hulle word geleer dat hulle nie self die Bybel kan verstaan sonder die interpretasie wat die leiers daaraan gee nie, al hou die organisasie hulle nie by basiese eksegetiese en hermeneutiese reëls nie (vgl. 3.11.3). So erg is hierdie verslawing dat die lede deur radikale wysigings van leerstellings heen, steeds elke wysiging as 'n openbaring van God beskou (vgl. 3.12.2 & 5.5). Dieselfde geld ook vir die organisasie se profesieë wat herhaaldelik nie vervul is nie (vgl. 5.4).

Die leiers van die Wagtoring-organisasie maak ook van metodes soos vrees vir die eindoordeel, opsweping, skuldgevoelens, die aanmoediging van lojaliteit, 'n elite-mentaliteit en die behoefte aan vriendskap en sekuriteit gebruik om die lede te verslaaf (vgl. 3.4). Selfs die lede se blik op hulle eie en die organisasie se geskiedenis word meesterlik beheer (vgl. 3.8). Dit alles word gedoen deurdat hierdie organisasie voorgee dat hy sy mag van God gekry het om God se belange op aarde te reël en daarom ook die verlossing al dan nie van elke lid in sy hande het (vgl. 3.10). Die organisasie doen dit omdat hy homself in die plek van Christus gestel het as die middelaar tussen God en die mense (vgl. 7.5.3).

## 8.3 GEVOLGTREKKING

### 8.3.1 *IS DIE JEHOVAH-GETUIES 'N KULTE?*

In hoofstuk 1 is 'n voorlopige definisie van 'n kulte gegee. In hoofstuk 2 is twaalf eienskappe van 'n kulte (elk met fynere onderskeidings) bespreek. Sonder om aanspraak op volledigheid te maak, kan 'n godsdienstige kulte in die lig hiervan gedefinieer word as 'n godsdienstige groep wat daadwerklik daarop uit is om sowel die aardse as die ewige lewe van hulle lede te beheer. Dit word gedoen deurdat die leier(s) voorgee dat hulle en hulle alleen namens God optree, dat dit wat hulle verkondig en hulle interpretasie van die Bybel Goddelike gesag besit en dat verlossing, die ewige lewe of 'n spesiale posisie voor God alleen deur lidmaatskap en ywer in diens van hulle groep en volgens die norme van die groep moontlik is. Die beheer wat die leiers oor hulle lede het, is 'n soort geestelike slawerny waardeur beheer uitgeoefen word oor lede se denke, gedrag, emosies, inligting en omgewing, taal, norme, verlossing en die gepaardgaande lidmaatskap van die organisasie, die lede se siening van die geskiedenis en selfs oor God en wat Hy sogenaamd sou sê en leer en oor hoe Sy Woord geïnterpreteer moet word.

Uit hierdie studie, soos ook hierbo saamgevat in 8.2, is dit duidelik dat die Jehovah-getuies volledig aan die definisie van 'n kulte beantwoord. Die uiteensetting van die organisasie se geskiedenis en hulle hantering van profesieë en leerstellings het dit onderskryf (vgl. 4.8; 5.4.11; 5.6). Daarom word die gevolgtrekking gemaak dat die Jehovah-getuies wel en beslis 'n kulte is.

### 8.3.2 *IS DIE JEHOVAH-GETUIES ONCHRISTELIK?*

In hoofstuk 1 is daarop gewys dat onder die term "onchristelik" verstaan word alles wat in stryd met die algemene Christelike leer soos gefundeer op die Bybel as Woord van God is. Uit die studie (soos ook hierbo saamgevat in 8.2) en die gevolgtrekkings wat telkens gemaak is, het dit keer op keer duidelik geblyk dat die Jehovah-getuies 'n onchristelike leer verkondig. Heelwat voorbeelde van leerstellings wat in stryd met die Woord van God is, is genoem. Hulle leer oor God bevat onder andere die volgende radikaal onchristelike sienings, naamlik dat God beperkte kennis en teenwoordigheid het (vgl. 6.2), dat God nie drie-enig is nie maar dat God die Vader die oppergod tussen baie ander gode is (vgl. 6.3), dat Jesus 'n geskape engel is wat nie aanbid mag word nie omdat Hy nie almagtig is nie (vgl. 6.5), en dat die Heilige Gees 'n onpersoonlike krag is (vgl. 6.6).

Talle ander leerstellings van die Jehovah-getuies moet ook as onchristelik beskryf word, waaronder hulle onbybelse siening van Christus se opstanding (vgl. 7.3), hemelvaart en

wederkoms (vgl. 7.4), hulle beskouing van verlossing en die Middelaarswerk van die Here (vgl. 7.5), van lewe na die dood (vgl. 7.6) en van die hel (vgl. 7.8). Hierby kan nog hulle onchristelike leer ten opsigte van twee klasse gelowiges ('n hemelse en 'n aardse) gevoeg word (vgl. 7.7), hulle valse profesieë wat hulle voorgee Bybelse gronde het (vgl. 5.2 tot 5.4), asook hulle wysigings aan die Bybel om hulle leerstellings te pas (vgl. 7.11). Hulle kasuïstiese etiek in diens van die organisasie (vgl. 3.7), waaronder hulle weiering tot bloedoortapping (vgl. 7.9) en deelname aan politiek en militêre diens (vgl. 7.10), is ver verwyder van 'n Christelike etiek af. Bowendien is hulle self ook baie uitgesproke teen die Christendom (vgl. 7.12) en probeer hulle selfs deur hulle verkeerde siening van iets so onbelangriks soos hoe die kruis van die Here presies gelyk het, die Christendom in diskrediet bring (vgl. 7.2).

Nadat die onbybelse en onchristelike karakter van al hierdie leerstellings van die Jehovah-getuies telkens uitgewys is, kan 'n mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat hierdie groep wat hulleself as die enigste ware Christene aandien (vgl. 1.2), dit nie is nie. Die Jehovah-getuies is beslis 'n onchristelike organisasie.

### 8.3.3 *FINALE GEVOLGTREKKING*

Die Jehovah-getuies is 'n kulte. Die Jehovah-getuies is 'n onchristelike organisasie. Die twee bevindinge weerspreek mekaar nie, maar onderskryf mekaar juis. As 'n mens na die definisie van 'n kulte kyk, is dit duidelik dat 'n kulte in wese onchristelik is. Afgesien daarvan is die Jehovah-getuies se onchristelikheid ook telkens in die analise van hulle leerstellings aangedui.

Aan die begin van hierdie studie is die vraag gevra of die Jehovah-getuies 'n onchristelike kulte is (vgl. 1.2). Die studie het duidelik getoon dat die Jehovah-getuies wel 'n onchristelike kulte is.

## 8.4 VERDERE NAVORSING

Daar behoort verdere navorsing gedoen te word met die oog op die verkondiging van die ware evangelie aan lede en oudlede van kultes in die algemeen en die Jehovah-getuies in die besonder. Die studie wat gedoen is, dui daarop dat daar heelwat dinge is wat in aanmerking geneem moet word by die benadering en begeleiding van hierdie mense. Daar kan ook 'n goeie bydrae gelewer word deur ander groepe as die Jehovah-getuies te meet aan die eienskappe van kultes soos uiteengesit in hierdie studie.

# OPSOMMING

## DIE JEHOVAH-GETUIES: 'N ONCHRISTELIKE KULTE?

Die doel van hierdie studie is om duidelikheid te verkry oor die vraag of die Jehovah-getuies as 'n onchristelike kulte beskryf kan en moet word al dan nie. Die Jehovah-getuies is 'n godsdienstige groep wat aan die einde van die negentiende eeu sy ontstaan in die VSA gehad het, en sedertdien geweldig in getalle gegroei het met lede in bykans elke land van die wêreld. Hulle beskou hulleself as die enigste ware Christene. In hierdie studie word daarop ingegaan of hulle met reg daarop aanspraak kan maak dat hulle Christene is.

Hiermee saam word besin oor die vraag of die Jehovah-getuies 'n kulte is of nie. 'n Godsdienstige kulte kan gedefinieer word as 'n godsdienstige groep wat daadwerklik daarop uit is om sowel die aardse as die ewige lewe van hulle lede te beheer. Dit word gedoen deurdat die leier of leiers voorgee dat hulle en hulle alleen namens God optree, dat dit wat hulle verkondig en hulle interpretasie van die Bybel Goddelike gesag besit en dat verlossing, die ewige lewe of 'n spesiale posisie voor God alleen deur lidmaatskap en ywer in diens van hulle groep en volgens die norme van die groep moontlik is.

Die navorsingsmetode vir hierdie studie is hoofsaaklik literatuurstudie en eksegese. Daar word gepoog om op grond van die magdom publikasies van die Jehovah-getuies 'n kritiese oorsig te gee van die ontwikkeling van die verskillende standpunte en leerstellings van hierdie organisasie, saam met 'n diepgaande beoordeling van hulle huidige siening van 'n bepaalde praktyk of leerstelling in die lig van die Skrif. Verdere inligting wat gebruik word, is verkry uit heelwat persoonlike gesprekke wat oor 'n periode van vyf jaar gevoer is met lede, oudlede en familielede van Jehovah-getuies en van ander godsdienstige groepe.

Eers word gekyk na die verskillende eienskappe wat navorsers by kultes onderskei. Dit word in twaalf onderafdelings ingedeel, naamlik beheer oor lede se denke, gedrag, emosies, inligting en omgewing, taal, norme, verlossing, lidmaatskap, siening van God, die geskiedenis, leerstellings en die interpretasie van die Skrif. Die Jehovah-getuies word vervolgens hieraan gemeet en daar word bevind dat hulle volledig aan al twaalf die genoemde eienskappe van 'n kulte voldoen.

Hierna word op die Jehovah-getuies se geskiedenis ingegaan, asook op hulle profesieë en leerstellige tendense. Uit hulle geskiedenis blyk duidelik dat die Jehovah-getuies se kultariese aanspraak dat hulle God se spesiaal aangestelde verteenwoordigers op aarde is, verkeerd is. Hulle talle valse profesieë en leerstellige wipplankryery onderskryf verder dat hulle 'n mensgemaakte en onchristelike kulte is.

Laastens word die Jehovah-getuies se leerstellings uitvoerig bespreek en beoordeel. Sowel uit hulle godsidee as uit hulle ander leerstellings blyk telkens duidelik dat hierdie groep nie as 'n Christelike groep beskryf kan word nie.

Die gevolgtrekking waartoe die studie kom, is dat die Jehovah-getuies beslis 'n onchristelike kulte is.

# ABSTRACT

## THE JEHOVAH'S WITNESSES: AN UNCHRISTIAN CULT?

The aim of this study is to find an answer to the question whether or not the Jehovah's Witnesses could and should be described as an unchristian cult. The Jehovah's Witnesses is a religious group that was founded in the USA towards the end of the nineteenth century. Since then their numbers have grown considerably and they have recruited members in almost every country of the world. They regard themselves as the only true Christians. In this thesis the validity of their claim to be Christians is evaluated.

Another question that is examined, is whether or not the Jehovah's Witnesses could be regarded as a cult. A religious cult can be defined as a religious group that sets out actively to control both the earthly and eternal lives of its members. This end is achieved by several means: the leader or leaders pretend that they and only they act on God's behalf; that their doctrine and their interpretation of the Bible have divine authority and that salvation, eternal life or a special position before God is only possible through membership and zeal in the service of the group and according to the norms of the group.

The research method for this thesis is a study of the relevant literature and exegesis. A critical survey of the development of the different points of view and doctrines of the Jehovah's Witnesses is attempted. This survey is based on the abundance of publications by this organization. In addition, an intensive evaluation is made of their current views on certain practices and doctrines in the light of the Scriptures. Additional information that is used, was obtained over a period of five years from several personal conversations with members, ex-members and close relatives of Jehovah's Witnesses and other religious groups.

Firstly, the different characteristics of cults that have been identified by researchers are considered. These characteristics are classified under twelve headings, namely control over members in relation to thoughts, behaviour, emotions, information and environment, language, norms, salvation, membership, view of God, history, doctrines and interpretation of the Scriptures. Then the Jehovah's Witnesses is evaluated according to these characteristics. The conclusion reached is that they completely comply with all twelve of the said characteristics.

Secondly, the history of the Jehovah's Witnesses is examined, as well as their prophesies and doctrinal tendencies. Their history clearly exposes the falsehood of the cultic claim that they are God's specially appointed representatives on earth. The many false prophesies and

doctrinal about-turns further confirm that they are an unchristian cult of purely human origin.

Finally, a thorough exposition and evaluation of the doctrines of the Jehovah's Witnesses are given. From their idea of God as well as other doctrines it becomes clear that this group cannot be regarded as a Christian group.

The final conclusion of the thesis is that the Jehovah's Witnesses is most definitely an unchristian cult.